21 Okt

Uitgawe 2009/10/21

Global Prayer Alert

'n Weeklikse gebedsgids vir gemeentes, gebedsgroepe en 24-uur gebedswagte.
Vir meer inligting rondom gebed, besoek die webruimtes: www.jwipn.com of www.global24-7.org

Herlewing

Die wet van U mond is vir my beter as duisende stukke goud en silwer.(**Ps.119:72**). Hoe waardevol is die Woord van God in jou lewe? Is dit vir jou belangriker om die Woord van God te ken en te verstaan as om die weelde van hierdie wêreld na te jaag? Sal u kies om eerder 'n dag in die Woord deur te bring as om oortyd te werk vir 'n dag en dalk dubbel die betaling te ontvang, of dalk om vermaak te word op een of ander manier? *'n Dag in U voorhowe is beter as duisend.* ***Hemelse Vader, ons smag na U Woord. Bring herlewing in ons harte deur U Woord. Ons sal U woord in ons hart bêre sodat ons nie teenoor U kan sondig nie.***

Deurbraak : Dwelmklopjagte in SA

Die polisie het nog 'n rondte gewen in hul bestryding teen dwelms nadat hul beslag gelê het op *tik* ter waarde van R12 000. Sowat twee weke gelede het die polisie 'n huis in die Kaapprovinsie deursoek en beslag gelê op hoë kwaliteit dagga met 'n waarde van R270 000 wat versteek was in 15 groot flesse, 1kg dagga met 'n straatwaarde van R100 000 en R70 000 kontant. (Webruimte: http://www.iol.co.za/index.php?set_id=1&click_id=2934&art_id=vn20091020042654782C657529, 20/10/09). ***Prys die Here vir antwoord op gebed en dat Hy die roepstem van bekommerde ouers verhoor. Bid vir God se beskerming oor die polisie. Bid dat polisiewerkers hul werk met integriteit sal doen en nie sal ingee vir enige omkopery of korrupsie nie.***

Bid vir jou gemeenskap : 21 Dae van Wêreldwye Oes

Daar is 'n fluistering reg oor die wêreld wat sê dat die Gees van God die hemele oopmaak vir 'n wêreldwye oes. God is besig om 'n generasie op te rig wat heelhartig en ywerig gereed is vir hierdie oes en om met absolute oorgawe Christus te dien. Ons leef in die tyd waar ons die grootste oes nog in die Koninkryk van God sal sien. Dit is nie meer 'n droom om elkeen wat nog onbereik is met die evangelie en die liefde van Christus bereik te sien nie. *21 Days For Global Harvest* is 'n gebedsaksie wat die generasie van Gelowiges sal verenig met gefokusde gebed en intersessie vir persoonlike herlewing, 'n ontwaking in die generasie en 'n wêreldwye oes van siele in ons leeftyd. Sluit aan by hierdie groep van 12 Oktober – 2 November 2009. (Webruimte: http://21daysofprayer.net/, 26/09/09). ***Bid dat baie Gelowiges hul gemeentes en gemeenskappe sal mobiliseer om God se aangesig te soek in hierdie 21 dae. Vra God se seën op elkeen wat gaan deelneem en dat ons sal sien hoe hierdie generasie gaan opstaan en ware aanbidding van God sal herstel.*** (**Jes.58:12; Hand.15:16-17**).

Suid-Afrika : Ekonomie

Suid-Afrikaners wat alreeds gebukkend gaan onder die ekonomie sal moet harder werk om energie te bespaar en ook hulself voorberei vir die drastiese toename in die koste van elektrisiteit. Dit word voorspel dat kragrekeninge in die volgende drie jaar sal verdriedubbel en plaaslike belastingbetalingsverenigings is bekommerd dat persone groot finansiële druk in die gesig moet staar en heel moontlik hulle huise en besighede moet verkoop te midde van stygende pryse. (Webruimte: http://www.iol.co.za/index.php?set_id=1&click_id=124&art_id=vn20091018094438990C777702, 18/10/09). ***Bid dat die regering na goeie advies sal luister om die ekonomie uit te brei en verder te versterk in Suid-Afrika en dat hulle nie betrokke sal raak by persoonlike en politiese agendas nie, maar goeie ekonomiese besluite sal neem, gebaseer op wyse raad. Bid dat die ekonomie sal groei in areas waar meer werk geskep kan word.***

Internasionaal : Christen leiers gedreig

Die *Taliban* dreig die gelowiges in Punjab provinsie in Noord-oos Pakistan. Op 6 Oktober 2009 het lede van *Taliban* dreigbriewe in Sargodha, Pakistan uitgestuur waarin hulle Christen leiers gedreig het om Islam te aanvaar as hul geloof of die gevolge daarvan te dra. Die brief waarsku hulle om na Islam te draai. *Jizya* belasting ('n Islamitiese belasting wat afgedwing word op ander gelowe wat in die minderheid is), of om die land te verlaat. Indien die Christene nie een van die bogenoemde doen nie, sal hul vermoor word, hul huise en eiendomme sal tot die grond afgebrand word, en hulle vroue sal soos seksslawe behandel word. Die Christene sal hiervoor verantwoordelik gehou word. (Webruimte: http://mnnonline.org/article/13400, 20/10/09). ***Bid vir Gelowiges om onstuitbaar te wees. Bid dat die regering van Pakistan sal ingryp en dat Christene gespaar sal word van geweld. God beloof om geregtigheid te laat seëvier wanneer ons nag en dag bid*** (**Luk.18:7**).

Hierdie gebedskalender is 'n inisiatief van Jerigo Mure Gebedsnetwerk en word moontlik gemaak deur u getroue ondersteuning. Kontak: watch@jwipn.com